KENNISGEWING 157 VAN 2021

STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING VAN 'N AANSOEK VIR HERSONERING IN TERME VAN ARTIKEL 16 (1) VAN DIE STAD TSHWANE GRONDGEBRUIKBESTUUR BYWET, 2016 GELEES TESAME MET SKEDULE 23 DAARVAN

Ons, Origin Stads en Streekbeplanning (Edms) Bpk, synde die magtigde applikant van die Restant en Gedeelte 1 van Erf 21 Brooklyn, en die Restant en Gedeelte 1 van Erf 23 Brooklyn, gee hiermee ingevolge Artikel 16(1)(f) van die Stad Tshwane Grondgebruikbestuur Bywet, 2016, kennis dat ons by die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die wysiging van die Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008 (hersien in 2014), deur die hersonering in terme van Artikel 16(1) van die Stad Tshwane Grondgebruikbestuur Bywet, 2016 van die bogenoemde eiendomme. Die eiendomme is onderskeidelik geleë te nommer 184 Hay Straat, nommer 52 Brooks Straat, nommer 68 Brooks Straat en nommer 64 Brooks Straat, Brooklyn.

Die aansoek vir hersonering is vanaf ''Residensieel 1" (Restant en Gedeelte 1 van Erf 21 Brooklyn, en die Restant van Erf 23 Brooklyn) en vanaf "Residensieel 2" (Gedeelte 1 van Erf 23 Brooklyn) na ''Spesiaal" vir die doeleindes van Residensiële Geboue en aanvullende en verwante gebruike, soos 'n Fiksheidsentrum vir inwoners en besoekers, onderworpe aan sekere verdere voorwaardes.

Die intensie vir die aansoek om hersonering van die bogenoemde eiendomme is om die nodige grondgebruiksregte te bekom ten einde residensiële geboue en aanvullende en ondergeskikte gebruike soos 'n Fiksheidsentrum op die eiendomme te akkommodeer vir die gebruik van inwoners en besoekers.

Enige besware of kommentare wat duidelik die gronde van die beswaar en die persoon(ne) se regte uiteensit en aandui hoe hulle belange deur die aansoek geaffekteer gaan word asook die persone se volle kontakbesonderhede, waar sonder die Munisipaliteit nie met die persoon kan korrespondeer nie, moet ingedien word by en skriftelik gerig word aan die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning, Afdeling Grondgebruiksregte, Posbus 3242, Pretoria, 0001 of na *CityP_Registration@tshwane.gov.za* vanaf 3 Februarie 2021 tot 3 Maart 2021.

Indien enige belangstellende of geaffekteerde partye die aansoek wil sien of 'n kopie wil ontvang van die grondgebruik aansoek, kan 'n kopie versoek word vanaf die Munisipaliteit by die volgende kontakbesonderhede: *newlanduseapplications@tshwane.gov.za*. Alternatiewelik kan 'n kopie van die aansoek vanaf die applikant verkry word by die kontakbesonderhede hieronder verskaf.

Vir doeleindes van verkryging van 'n kopie van die aansoek moet kennis geneem word dat die geïnteresseerde of geaffekteerde party die munisipaliteit en die applikant moet voorsien van 'n epos adres waarheen die aansoek elektronies gestuur kan word.

Geen deel van die aansoek dokumentasie wat deur die munisipaliteit of die applikant voorsien is mag kopieer, herproduseer of in enige vorm gebruik of publiseer word op 'n wyse wat sal inbreuk maak op die intellektuele eiendomsreg van die applikant nie.

Volledige besonderhede en planne (indien enige) kan gedurende gewone kantoorure kan besigtig word by die Munisipale kantore soos hieronder uiteengesit, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 3 Februarie 2021 soos verskyn in die Gauteng Provinsiale Gazette, Beeld koerant en The Star koerant.

Adres van die Munisipale kantore: Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, Kamer LG004, Isivuno Huis, 143 Lillian Ngoyi Straat, Pretoria. Sluitingsdatum vir enige beswaar(e): 3 Maart 2021.

Adres van gemagtigde agent: 306 Melkstraat, Nieuw Muckleneuk. Posbus 2162, Brooklyn Square, 0075. Tel: (012) 346 3735 of Faks: (012) 346 4217. E-pos: wickus@origintrp.co.za

Datum van publikasie van die kennisgewing: 3 Februarie 2021 en 10 Februarie 2021.

Hersonering: Verwysing: CPD/9/2/4/2-5666T - Item No. 31984

3-10